**12 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 4:23-25**
**Fokusgedeelte: Matteus 4:23**

## Jesus preek oral in die sinagoges die evangelie van die koninkryk

Wanneer Jesus met sy amptelike werk begin, lewer Hy sy intreepreek (4:12-17), roep sy dissipels (4:18-22) en begin met woord en daad optree. Sy werksterrein is aanvanklik Galilea en sy werksplekke is in die begin die sinagoges. Die sinagoges is die Jode se aanbiddingsplekke. Tydens die byeenkomste was daar vir die gewone lid van die sinagoge of enige besoeker die geleentheid om te preek. Jesus het die geleentheid aangegryp en voortgegaan om by die tema van sy intreepreek aan te sluit. Hy het die evangelie van die koninkryk verkondig.

Dit is die eerste keer dat dit "evangelie" genoem word. Evangelie beteken mooi of goeie boodskap of nuus! Wat is dan nou die goeie nuus van die koninkryk? Jesus verkondig dit nie net nie, Hy demonstreer dit ook! Hy doen wonders. Dit is preke-in-aksie. Soos preke, het die wonders 'n boodskap. Soos sy preke, vertel sy wonders iets van die koning en sy koninkryk.

Eerstens demonstreer dit die goddelikheid en almag van Christus. Geen siekte of kwaal of demoon kan voor Hom standhou nie. Hy is die almagtige Koning.

Sy koningskap word ook deur sy liefde en barmhartigheid gekenmerk. Sy hart word deur die ellende van die mens geraak en Hy help deur gesond te maak. Iemand noem Jesus se wonders "transparante waardeur mense God se hart moet raaksien".

Deur sy wonders gryp Jesus ook profeties vooruit na sy volmaakte koninkryk wat nog oppad is (vergelyk vorige dagstukkie). In sy volmaakte koninkryk sal daar geen siekte, kwaal of pyn meer wees nie (Op. 21:4). Die duiwel en sy demone sal in die poel van vuur wees (Op. 20:10). Alles sal heel en nuut wees.

Dit is die goeie nuus van die koninkryk. Deur Jesus Christus, ons ewige Koning, is ons nou al deel van dié koninkryk en kan ons deur ons daaglikse woorde en dade iets van die volmaakte koninkryk in hierdie wêreld laat deurbreek.

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-3*

Ds. AL (Abrie) Pelser (Bethlehem)